- (c) in die geval van 'n opsionele diens (behalwe goedere of dienste wat die onderwerp van 'n dwarsleggende termynkontrak bedoel in regulasie 10 is of 'n lys voornemende verskaffers-op-kwotasie bedoel in regulasie 11)—
 - (i) vir meer as een departement of meer as een openbare liggaam, moet die Minister 'n departement of openbare liggaam kies as die aangewese departement of openbare liggaam, na gelang van die geval;
 - (ii) vir slegs een departement of openbare liggaam, is daardie departement of openbare liggaam die aangewese departement of openbare liggaam;
- (d) in die geval van 'n verpligte of opsionele diens (behalwe goedere of dienste wat die onderwerp van 'n dwarsleggende termynkontrak bedoel in regulasie 10 is of 'n lys voornemende verskaffers-op-kwotasie bedoel in regulasie 11) vir sowel een of meer

³ Die Departement van Staatsdiens en Administrasie sal byvoorbeeld die aangewese departement wees vir alle dwarsleggende termynkontrakte betreffende algemene benodigdhede, soos rekenaars. In die geval van 'n dwarsleggende termynkontrak vir die spesifieke funksies van 'n bepaalde departement, moet daardie departement as die aangewese departement gekies word.

departemente as een of meer openbare liggame, moet die Minister een sodanige departement as aangewese departement kies.

- 7.3.2 Die Minister kan enige bevoegdheid wat by regulasie 7.3.1 aan hom of haar verleen word, aan 'n beampte van die Departement van Staatsdiens en Administrasie deleger op sodanige voorwaardes as wat die Minister nodig ag.
- 7.3.3 Indien daar twyfel bestaan oor die vraag of 'n bepaalde verpligte diens 'n lynfunksieverantwoordelikheid van 'n bepaalde departement is, of oor watter departement sodanige verantwoordelikheid (as daar is) dra, moet die Minister, in oorleg met die Minister van Finansies slegs vir doeleindes van regulasie 7.3.1 (a)(i), 'n voorskrif uitreik.
- 7.3.4 Die rekenpligtige gesag van 'n departement of openbare liggaam wat uit hoofde van regulasie 7.3.1 'n aangewese departement of openbare liggaam is, moet van tyd tot tyd 'n beampte van daardie departement of openbare liggaam aanwys om vir 'n bepaalde geval of kategorie gevalle of vir alle gevalle as die aangewese beampte van die departement of openbare liggaam op te tree.

7.4 VERSLAGDOENING AAN MINISTER VAN FINANSIES

- 7.4.1 Die Agentskap moet aan die Minister van Finansies, of 'n beampte deur hom of haar aangewys, verslag doen oor die volgende verskafferprestasiekriteria (indien van toepassing) ten opsigte van alle kontrakte vir inligtingstegnologiegoedere en -dienste vir departemente met verskaffers aangegaan kragtens artikel 7 van die Wet:
- (a) Breed gebaseerde swart ekonomiese bemagtiging soos omskryf in artikel 1 van die "Broad-based Black Economic Empowerment Act, 2003";
 - (b) gehalte;
 - (c) prysbepaling;
 - (d) ondersteuning;
 - (e) lewering; en
 - (f) sodanige ander maatstawwe as wat daardie Minister bepaal.
- 7.4.2 Die Minister van Finansies, of 'n beampte deur hom of haar gemagtig, moet die intervalle van sodanige verslagdoening bepaal.
- 7.4.3 Indien 'n departement 'n kontrak bedoel in regulasie 7.4.1 bestuur, moet hy die vereiste inligting aan die Agentskap verstrek.

8. WYSE VAN VERKRYGING⁴

8.1 VOORBEREIDING VIR AANVRA VAN BOTTE

- 8.1.1 Die aangewese departement of openbare liggaam moet—
- (a) die behoefte om inligtingstegnologiegoedere of -dienste te verkry, bepaal; en

⁴ Sien artikel 23(1)(a), gelees met artikel 7(3), (4)(a)(ii) en (5)(b), van die Wet.

- (b) 'n besigheidsverdiens⁵ en die gebruikersbehoefte-spesifikasies saamstel.
- 8.1.2 Indien die aangewese beampte dit versoek, moet die Agentskap, op koste van die betrokke departement of openbare liggaam, advies gee oor die samestelling van die besigheidsverdiens of gebruikersbehoeftespesifikasies of albei.
- 8.1.3 Vir doeleindes van verkryging vir departemente moet die aangewese departement 'n komitee instel wat bestaan uit die rekenpligtige gesagte van al die betrokke departemente, of hulle gemagtigde verteenwoordigers—
- (a) om voorstelle te doen met betrekking tot die besigheidsverdiens en gebruikersbehoeftespesifikasies en om sodanige portefeulje en spesifikasies goed te keur; en
 - (b) die rekenpligtige gesag van die aangewese departement te magtig om die bod namens hulle toe te ken.
- 8.1.4 Die aangewese departement of openbare liggaam moet die besigheidsverdiens en die gebruikersbehoeftespesifikasie aan die Agentskap voorlê vir 'n evaluering van die volledigheid daarvan en die korrektheid van die tegniese en verkrygingsvereistes.
- 8.1.5 Vir doeleindes van advertering moet die Agentskap die boddokumente saamstel, wat bestaan uit—
- (a) die evalueringsmaatstawwe vir die bod ooreenkomstig die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, spesifieke doelwitte vir—
 - (i) swart ekonomiese bemagtiging; en
 - (ii) verkryging by verskaffers in die betrokke provinsie waar die goedere of dienste benodig word;
 - (b) vereistes betreffende belastingklaringsertifikate;
 - (c) indien die waarde van die beoogde kontrak R10 miljoen te bowe gaan, 'n Nasionale Nywerheidsdeelnameprogram-sertifikaat uitgereik deur die Departement van Handel en Nywerheid;
 - (d) ten opsigte van departemente, 'n voorwaarde dat alle inligtingstegnologiegoedere en -dienste wat aangebied word, moet voldoen aan artikel 7(6)(a) van die Wet en die vermelding van waar toegang tot die standarde verkry kan word.
- 8.1.6 By die vasstelling van bepaalde doelwitte ingevolge regulasie 8.1.5(a) met betrekking tot 'n provinsie moet die Agentskap oorleg pleeg met die Direkteur-generaal: Kantoor van die Premier van daardie provinsie.
- 8.1.7 Voordat die bod geadverteer word—
- (a) moet die aangewese departement of openbare liggaam die finale boddokumente goedkeur; en
 - (b) moet die Agentskap 'n waardevoorstel opstel oor die koste vir die aangewese departement of openbare liggaam van die advertering en evaluering van die bod.

⁵ Sien regulasie 14.3 met betrekking tot die insluiting van die beskikbare befondsing vir die verkryging.

8.2 VERKRYGINGSKEDULE

- 8.2.1 Binne 10 werkdag ná ontvangs van die besigheidsverdiensle van die aangewese departement of openbare liggaam vir 'n bod kragtens regulasie 8.1.4 moet die Agentskap aan die aangewese beampste vir goedkeuring voorlê—
- (a) 'n verkrygingskedule vir die uitvoering van die aanvraag om 'n bod;
 - (b) 'n gedetailleerde kosteberekening vir die latere kontrakbestuur, indien vereis.
- 8.2.2 Die Agentskap moet aan die goedgekeurde verkrygingskedule voldoen.
- 8.2.3 Die Agentskap moet die aangewese beampste van die aangewese departement of openbare liggaam onverwyld skriftelik in kennis stel indien die Agentskap te eniger tyd nie in staat is om aan die goedgekeurde verkrygingskedule te voldoen nie en van die redes daarvoor.⁶

8.3 ADVERTERING OM BOTTE

- 8.3.1 Die Agentskap moet reëlins tref dat alle uitnodigings om botte in die Staatstenderbulletin, die Agentskap se webtuiste en alle ander media wat geskik geag word, geadverteer word ten einde die gewenste aantal botte te kry.
- 8.3.2 Die Agentskap moet ook in die betrokke provinsie 'n bod adverteer vir inligtingstegnologiegoedere of -diensle wat benodig word deur—
- (a) 'n provinsie of een of meer provinsiale departemente; of
 - (b) 'n nasionale departement vir gebruik in 'n provinsie.

8.4 SLUITING VAN BOTTE

- 8.4.1 Die botte sluit by sodanige kantoor as wat die Agentskap bepaal.
- 8.4.2 Die Agentskap moet toesien dat—
- (a) alle botte in die openbaar oopgemaak word; en
 - (b) die name van alle bidders en, indien moontlik, die totale bodpryse in die openbaar bekendgemaak word.

8.5 PLIGTE VAN AANGEWESSE BEAMPTTE

Behoudens toepaslike wetgewing moet die aangewese beampste van 'n aangewese departement of openbare liggaam—

- (a) die besigheidsverdiensle en gebruikersbehoeftepesifikasie opstel en die goedkeuring van die betrokke gesag in die departement of openbare liggaam daarvoor verkry;
- (b) die gepaste evalueringsmaatstawwe en gewigstoekenings bepaal wat gedurende die evaluering toegepas moet word;

⁶ Sien ook regulasie 17.2.1(b).

- (c) die aanstelling verkry van beamptes wat aan die evaluering van botte kan deelneem met behoorlike inagneming van die vereistes van die betrokke departement of openbare liggaam;
- (d) indien daartoe versoek, die rekenpligte gesag van die aangewese departement of openbare liggaam, ná ontvangs van 'n aanbeveling van die aanbevelingskomitee bedoel in regulasie 14, van raad oor die finale toekenning van 'n bod dien;
- (e) aanvaarding van inligtingstelsels vir implementering en bedryf ooreenkomstig die goedgekeurde aanvaardingstoetsplanne verkry;
- (f) die vereiste goedkeuring verkry vir byvoegings by of wysigings van kontrakte aangegaan op of ná die datum van inwerkingtreding van hierdie Regulasies, met inbegrip van verlengings van sodanige kontrakte;
- (g) die vereiste goedkeuring vir instandhoudingsversoeke⁷ verkry;
- (h) 'n begroting opstel vir die aangevraagde inligtings-tegnologiegoedere of -dienste en die instandhouding daarvan (indien van toepassing); en
- (i) sodanige ander werksaamhede verrig as waarvoor hierdie Regulasies voorsiening maak.

8.6 GESKILBESLEGTINGSKLOUSULES IN KONTRAKTE

Elke kontrak aangegaan met een of meer verskaffers ten opsigte van goedere of dienste wat deur middel van die Agentskap verkry word, moet voorsiening maak vir die beslegting van geskille tussen 'n departement of openbare liggaam en 'n verskaffer in verband met of voortspruitende uit die kontrak, ongeag of die departement of openbare liggaam 'n party by daardie kontrak is.

9. VERPLIGTE DIENSTE

- 9.1 Voor advertering om 'n bod vir 'n verpligte diens vir een of meer departemente moet die aangewese departement, behoudens regulasie 8.1.3—
 - (a) ná oorleg met die GITO-raad, die besigheidsverdiensle en gebruikersbehoeftepesifikasie goedkeur; en
 - (b) die finale boddokumente goedkeur.
- 9.2 Vir doeleindes van regulasie 9.1 moet die Agentskap oplossings voorstel wat op die besigheidsverdiensle en gebruikersbehoeftepesifikasie berus.
- 9.3 Enige sodanige voorgestelde oplossings moet—
 - (a) volledig en geïntegreer wees;

⁷ Die instandhoudingsversoeke kan op aanpassende, afrondende of herstellende instandhouding betrekking hê.

- (b) die volledige lewensiklus van die oplossing in tegniese en finansiële opsigte dek, met inbegrip van alle aanskaffings-, implementerings-, bedryfs- en ondersteuningskoste; en
 - (c) bewys lewer van voldoening aan die besigheidsverdienste en gebruikersbehoeftepesifikasie.
 - 9.4 Die Agentskap moet standaardertifisering vir 'n verpligte diens vir een of meer departemente doen voordat die rekenpligtige gesag van die aangewese departement die bod toeken, of indien dit nie moontlik is nie, voor die implementering van die verpligte diens.
 - 9.5 Ná die toekenning van 'n bod vir 'n verpligte diens vir een of meer departemente of openbare liggame deur die rekenpligtige gesag van die aangewese departement of openbare liggaam moet die Agentskap, ná oorlegpleging met die GITO-raad, die nodige kontrakte met die suksesvolle bieder of bidders aangaan.
 - 9.6 Die aangewese beampte van die aangewese departement of openbare liggaam moet namens die departement of aangewese liggaam sodanige aanvaardingstoetsing van die verpligte diens uitvoer as wat hy of sy gepas ag voor aanvaarding van die oplossing, implementering en betaling van enige kontraktuele gelde.
- 10. DWARSLEGGENDE TERMYNKONTRAKTE VIR GOEDERE EN DIENSTE**
- 10.1 Die Agentskap moet, tydig en in die beste belang van die Staat, die verkryging van inligtingstechnologiegoedere of -dienste vir die herhalende behoeftes van departemente verseker deur gepaste dwarsleggende termynkontrakte aan te gaan deur middel van 'n mededingende bodproses.
 - 10.2 Óf die Agentskap, óf 'n departement kan aan die Minister, of 'n beampte deur hom of haar gemagtig, die behoefte aan die verkryging van inligtingstechnologiegoedere of -dienste vir die herhalende behoeftes van departemente voorlê. Indien die Minister, of 'n beampte deur hom of haar gemagtig, die behoefte aan sodanige goedere of dienste goedkeur, is die departement beoog in regulasie 7.3.1(b) die aangewese departement.
 - 10.3 Voor die advertering van 'n bod vir inligtingstechnologiegoedere of -dienste vir die herhalende behoeftes van departemente moet die aangewese departement, behoudens regulasie 8.1.3—
 - (a) ná oorleg met die GITO-raad, die besigheidsverdienste en gebruikersbehoeftepesifikasie goedkeur; en
 - (b) die finale boddokumente goedkeur.
 - 10.4 Voordat 'n bod vir 'n dwarsleggende termynkontrak vir departemente toegeken word, moet die Agentskap standaardertifisering ten opsigte van die betrokke goedere of dienste doen.
 - 10.5 Ná toekenning van die betrokke bod deur die aangewese departement moet die Agentskap, ná oorlegpleging met die GITO-raad, die nodige dwarsleggende termynkontrakte met die suksesvolle bieder of bidders aangaan.

- 10.6 Die dwarsleggende termynkontrak bedoel in hierdie regulasie kan die vorm aanneem van—
- (a) 'n dwarsleggende raming-termynkontrak, wat voorsiening maak vir die verskaffing van inligtingstegnologiegoedere of -dienste of albei deur middel van kwotasies;⁸
 - (b) 'n dwarsleggende dienste-termynkontrak, wat voorsiening maak vir die verskaffing van inligtingstegnologiedienste teen die kontrakpryse; of
 - (c) 'n dwarsleggende goedere-termynkontrak, wat voorsiening maak vir die verskaffing van inligtingstegnologiegoedere teen die kontrakpryse.
- 10.7 'n Dwarsleggende raming-termynkontrak, 'n dwarsleggende dienste-termynkontrak of 'n dwarsleggende goedere-termynkontrak kan—
- (a) 'n veelverskafferkontrak wees, wat voorsiening maak vir 'n keuse van die betrokke goedere of dienste of albei vanaf meer as een verskaffer; of
 - (b) 'n enkelverskafferkontrak wees, wat voorsiening maak vir 'n keuse van die betrokke goedere of dienste of albei vanaf 'n enkele verskaffer.
- 10.8 Gedurende die geldigheidsduur van 'n dwarsleggende termynkontrak—
- (a) mag 'n departement of openbare liggaam nie 'n bod vir die goedere of dienste wat die onderwerp van daardie kontrak is, aanvra nie;
 - (b) mag 'n departement sodanige goedere of dienste slegs van die betrokke verskaffer of verskaffers ingevolge daardie kontrak verkry; en
 - (c) mag 'n openbare liggaam, indien hy besluit om sodanige goedere of dienste deur die Agentskap te verkry, dit slegs vanaf die betrokke verskaffer of verskaffers ingevolge daardie kontrak verkry.
- 10.9 Die Agentskap moet vir elke dwarsleggende termynkontrak 'n persoon of eenheid van die Agentskap aanwys wat as die enkele punt van kontraktuele en tegniese verantwoordelikheid dien.
- 10.10 Die volgende is van toepassing op verkryging kragtens 'n dwarsleggende raming-termynkontrak:
- (a) Die Agentskap moet 'n waardevoorstel vir die dwarsleggende raming-termynkontrak aan elke voornemende departement of openbare liggaam beskikbaar stel;
 - (b) 'n departement of openbare liggaam kan regstreeks met voornemende verskaffers skakel op grond van 'n gebruikersbehoeftepesifikasie goedgekeur deur die betrokke departement of openbare liggaam;

⁸ Op grond van die gebruikersbehoeftepesifikasie kan 'n departement 'n produk verkry tesame met die gepaardgaande dienste om die produk in bedryf te stel, byvoorbeeld wanneer 'n departement kwotasies van 'n aantal verskaffers van rekordbestuursprogrammatuur aanvra, maar die kwotasie sal afhang van die aantal lisensies wat nodig is, die nodige aanpassing by die behoeftes van die departement, die opleiding wat aan die departement verskaf moet word en die voortgesette steun aan die departement ná aanvaarding, en die gereelde bywerking van die programmatuur.

- (c) verskaffers moet kwotasies indien op grond van die gebruikersbehoefte-spesifikasie;
 - (d) die departement of openbare liggaam kies die spesifieke verskaffer;
 - (e) die departement of openbare liggaam plaas die bestelling regstreeks by die gekose verskaffer en voorsien 'n afskrif van die bestelling aan die betrokke kontrakbestuurder van die Agentskap;
 - (f) die departement of openbare liggaam moet betaling ten opsigte van die bestelling regstreeks aan die verskaffer doen; en
 - (g) indien die dwarsleggende raming-termynkontrak 'n bepaalde formele ooreenkoms vereis, moet sodanige ooreenkoms tussen die departement of openbare liggaam en die verskaffer aangegaan word, en die departement of openbare liggaam kan die Agentskap versoek om met die bestuur van sodanige ooreenkoms behulpzaam te wees.
- 10.11 Die volgende is van toepassing op verkryging kragtens 'n dwarsleggende dienste-termynkontrak of 'n dwarsleggende goedere-termynkontrak:
- (a) Die Agentskap moet 'n waardevoorstel vir die dwarsleggende dienste-termynkontrak of goedere-termynkontrak aan elke voornemende departement of openbare liggaam beskikbaar stel;
 - (b) 'n departement of openbare liggaam plaas 'n bestelling regstreeks by die verskaffer en voorsien 'n afskrif van die bestelling aan die betrokke kontrakbestuurder van die Agentskap; en
 - (c) die departement of openbare liggaam moet betaling ten opsigte van die bestelling regstreeks aan die verskaffer doen.
- 10.12 Die Agentskap moet op sy webtuiste 'n databasis van alle bestaande dwarsleggende termynkontrakte in stand hou wat minstens die volgende moet insluit:
- (a) Die kontraknommer;
 - (b) die kontraktitel en 'n kort beskrywing;
 - (c) die verskaffers;
 - (d) die name en kontakbesonderhede van die kontrakbestuurders van die verskaffers;
 - (e) die pryslys van goedere en dienste, indien van toepassing, en die jongste datum waarop dit bygewerk is; en
 - (f) die name en kontakbesonderhede van die Agentskap se kontrakbestuurder vir die dwarsleggende termynkontrak.
- 10.13 Wanneer enige verandering van die inligting bedoel in regulasie 10.12 plaasvind, moet die Agentskap sy webtuiste onmiddellik bywerk.
- 11. VERKRYGING OP KWOTASIEGRONDSLAG**
- 11.1 Die Agentskap moet 'n lys voornemende verskaffers-op-kwotasie opstel en op sy webtuiste in stand hou op grond waarvan 'n departement of openbare liggaam inligtingstegnologiegoedere of -dienste slegs deur middel van kwotasie regstreeks van gelyste verskaffers kan verkry.
- 11.2 Vir doeleindes van die opstel van die lys voornemende verskaffers-op-kwotasie moet die Agentskap deur advertering in die

- Staatstenderbulletin, op die Agentskap se webtuiste en, indien dit nodig geag word, in ander gepaste media, aan voornemende verskaffers 'n uitnodiging rig om aansoek te doen om evaluering en lysing as potensiële verskaffers.
- 11.3 Voordat die lys voornemende verskaffers-op-kwotasie beskikbaar vir departemente gefinaliseer word, moet die Agentskap standaardsertifisering doen ten opsigte van die betrokke goedere of dienste.
- 11.4 Die Agentskap moet alle redelike pogings aanwend om by die lys voornemende verskaffers-op-kwotasie in te sluit—
- (a) kleinondernemings soos omskryf in artikel 1 van die Nasionale Kleinondernemingswet, 1996 (Wet No. 102 van 1996); en
 - (b) ondernemings in alle provinsies.
- 11.5 Die Minister van Finansies, of 'n beampte deur hom of haar gemagtig, moet van tyd tot tyd die maksimum bedrag vasstel waarvoor 'n departement 'n bestelling vir inligtingstegnologiegoedere of -dienste mag plaas by verskaffers wie se name verskyn op 'n lys voornemende verskaffers-op-kwotasie.
- 11.6 Wanneer 'n departement of openbare liggaam inligtingstegnologiegoedere of -dienste aanvra wat beskikbaar is van verskaffers op die lys voornemende verskaffers-op-kwotasie, geld die volgende:
- (a) 'n Departement of openbare liggaam moet minstens drie kwotasies per aankoop op 'n rotasiegrondslag kry, afhangende van die aantal verskaffers op die lys en die aankoopfrekwensie;
 - (b) indien dit nie uitvoerbaar is om drie kwotasies te kry of verskaffers op 'n rotasiegrondslag te kies nie, moet die rede vir die afwyking deur die betrokke rekenpligtige gesag van die departement of openbare liggaam goedgekeur en vir ouditdoeleindes aangeteken word;
 - (c) indien geeneen van die verskaffers op die lys die goedere of dienste op die lys kan verskaf nie, kan die departement of openbare liggaam sodanige goedere of dienste van ander verskaffers verkry en moet hy die Agentskap dienooreenkomstig in kennis stel; en
 - (d) 'n departement mag slegs bestellings by verskaffers op die lys, of ingevolge regulasie 11.6(c) by ander verskaffers, plaas ooreenkomstig die maksimum bedrag vasgestel ingevolge regulasie 11.5.
- 11.7 Die Agentskap moet die lys voornemende verskaffers-op-kwotasie minstens kwartaalliks bywerk.
- 12. OPSIONELE DIENSTE VIR BEPAALDE DEPARTEMENT OF OPENBARE LIGGAAM**
- 12.1 Wanneer 'n departement of openbare liggaam 'n opsionele diens vir die departement of openbare liggaam deur die Agentskap aanskaf—

- (a) berus die finale besluit oor die toekenning van die bod by die departement of openbare liggaam; en
 - (b) moet die departement of openbare liggaam en die verskaffer die nodige kontrak aangaan.
- 12.2 Indien die betrokke departement die Agentskap skriftelik in kennis stel dat hy voornemens is om die Agentskap aan te stel om die kontrak bedoel in regulasie 12.1(b) te beding of te bestuur, moet die Agentskap voor die toekenning van die bod 'n waardevoorstel oor die koste van die kontrakonderhandelinge of -bestuur opstel.
- 12.3 Voordat 'n departement 'n kontrak bedoel in regulasie 12.1(b) aangaan, moet die Agentskap standaardsertifisering ten opsigte van die betrokke goedere of dienste doen.

13. VERTEENWOORDIGING TYDENS VERKRYGINGSPROSES⁹

- 13.1 Die Agentskap moet, in oorleg met die aangewese departement, die volgende komitees instel om die evaluering van botte en aanbevelings met betrekking tot die toekenning van 'n bod deur die rekenpligtige gesag van die aangewese departement of openbare liggaam te hanteer:
 - (a) 'n Bodevalueringskomitee om—
 - (i) botte te evalueer; en
 - (ii) 'n aanbeveling met betrekking tot toekenning aan die aanbevelingskomitee te doen, met inbegrip van die identifisering van alle risiko's wat met die aanbeveling geassosieer word en die beoordeling van die risiko's (hierna die "risikoverslag van die BEK" genoem); en
 - (b) 'n aanbevelingskomitee om—
 - (i) voldoening van die verkrygingsproses aan alle toepaslike wetgewing en in die algemeen die integriteit van daardie proses te verifieer;
 - (ii) indien geverifieer word dat die proses nie aldus voldoen nie of dat die integriteit daarvan gekompromitteer is, die aanbeveling met verskaffing van redes na die bodevalueringskomitee terug te verwys;
 - (iii) enige risiko's (as daar is) bykomend by dié geïdentifiseer in die risikoverslag van die BEK te identifiseer en sy eie beoordeling van alle risiko's (hierna die "risikoverslag van die AK" genoem) te verstrek; en
 - (iv) indien geverifieer is dat die proses voldoen het en indien die integriteit daarvan geverifieer is, die aanbeveling van die bodevalueringskomitee en die risikoverslae van die BEK en die AK aan die betrokke rekenpligtige gesag van die aangewese departement of openbare liggaam voor te lê.

⁹ Sien artikel 23(2)(a) van die Wet.

- 13.2 Die bodevalueringskomitee vir 'n bod vir inligtings-tegnologiegoedere of -dienste vir 'n bepaalde departement of openbare liggaam moet saamgestel word uit 'n meerderheid lede aangewys deur die rekenpligtige gesag van daardie departement of openbare liggaam en moet bestaan uit—
- (a) 'n werknemer, behalwe die aangewese beampte, van die departement of openbare liggaam aangewys deur die rekenpligtige gesag, as voorsitter;
 - (b) sodanige ander geskikte persone as wat die rekenpligtige gesag gepas ag om aan te wys; en
 - (c) sodanige ander geskikte persone van die Agentskap as wat die Agentskap gepas ag om aan te wys.
- 13.3 Die bodevalueringskomitee vir verpligte dienste en dwarsleggende termynkontrakte moet uit minstens die volgende bestaan:
- (a) 'n Werknemer aangewys deur die Agentskap, as voorsitter;
 - (b) sodanige werknemers van die aangewese departement of openbare liggaam, behalwe die aangewese beampte daarvan, as wat die rekenpligtige gesag van die departement of openbare liggaam gepas ag om aan te wys;
 - (c) sodanige werknemers van ander departemente of openbare liggame as wat die rekenpligtige gesag van die aangewese departement of openbare liggaam gepas ag ná oorleg met die GITO-raad;
 - (d) een of meer inligtingstegnologiesekundiges van sowel die Agentskap as die aangewese departement of openbare liggaam, aangewys deur onderskeidelik die Agentskap en die rekenpligtige beampte van die departement of openbare liggaam;
 - (e) een of meer verteenwoordigers aangewys deur die Nasionale Tesourie, maar minstens een voorsieningskettingbestuurspraktisyn, om voldoening aan die toepaslike wetgewing betreffende verkryging te verseker;
 - (f) een of meer verteenwoordigers van die betrokke afdeling van die Agentskap wat regstreeks verantwoordelik is vir die betrokke dienslewering.
- 13.4 Die aanbevelingskomitee moet uit minstens vier werknemers van die Agentskap bestaan, van wie minstens een 'n voorsieningskettingpraktisyn moet wees.
- 13.5 Die Agentskap moet die nodige administratiewe ondersteuning aan die bodevalueringskomitee en die aanbevelingskomitee verleen.

14. TOEKENNING VAN BOTTE

- 14.1 Ná ontvangs van die aanbeveling van die bodevalueringskomitee en die risikoverslae van die BEK en die AK vanaf die aanbevelingskomitee moet die betrokke rekenpligtige gesag die finale besluit neem oor die toekenning van die bod aan een of meer bidders, na gelang van die geval.

- 14.2 Indien die rekenpligtige gesag besluit om die bod toe te ken aan 'n ander bieder of ander bidders as dié aanbeveel deur die bodevalueringskomitee, moet die rekenpligtige gesag die betrokke tesourie, die Agentskap en die Ouditeur-generaal binne sewe werkdag skriftelik in kennis stel van die redes waarom van die aanbeveling afgewyk is.
- 14.3 'n Rekenpligtige gesag kan, voordat die suksesvolle bieder of bidders van die toekenning van die bod in kennis gestel word, die bod kanselleer indien—
- (a) die behoefte aan die betrokke inligtingstegnologiegoedere of -dienste weens veranderde omstandighede nie meer bestaan nie;
 - (b) die totale verwagte besteding die beskikbare fondse in die besigheidsverdienste vir die bod uiteengesit, te bowe gaan en addisionele fondse nie bekom kan word nie;
 - (c) geen aanvaarbare botte ontvang is nie; of
 - (d) die verkrygingsproses nie aan die toepaslike wetgewing voldoen het nie of die integriteit daarvan andersins gekompromitteer is.
- 14.4 Indien 'n bod kragtens regulasie 14.3 gekanselleer word, moet die rekenpligtige gesag die redes aanteken en onmiddellik die besonderhede skriftelik by die Agentskap, die Nasionale Tesourie en die Ouditeur-generaal aanmeld.
- 14.5 Indien 'n bod om die rede bedoel in regulasie 14.3(d) gekanselleer is, moet die betrokke departement of openbare liggaam, in oorleg met die Agentskap, toesien dat 'n behoorlike ondersoek ingestel word.
- 14.6 Die rekenpligtige gesag van die departement of openbare liggaam moet die Agentskap en die suksesvolle bieder of bidders skriftelik van die toekenning van die bod in kennis stel.
- 14.7 Ná ontvangs van sodanige kennis moet die Agentskap reël dat die toekenning van die bod in die Staatstenderbulletin en op die webtuiste van die Agentskap gepubliseer word.

15. **PROVINSIALE VERKRYGING**¹⁰

Indien ekonomies aanvaarbare en geskikte naverkoopdiens verskaf kan word, moet die Agentskap inligtingstegnologiegoedere of -dienste wat benodig word deur—

- (a) 'n provinsie of een of meer provinsiale departemente; of
- (b) 'n nasionale departement vir gebruik in 'n provinsie, van diensverskaffers in die betrokke provinsie verkry ten einde optimale besteding in daardie provinsie te verseker.

16. **GESKILLE OOR VOORKEURBIEDER**¹¹

Enige—

¹⁰ Sien artikel 23(2)(b) van die Wet.

¹¹ Sien artikel 23(1)(b)(iii) en (2)(d) van die Wet.

- (a) geskil tussen 'n departement of openbare liggaam en die Agentskap met betrekking tot 'n aanbeveling of besluit om 'n bod toe te ken; of
 - (b) ander geskil tussen 'n departement en die Agentskap met betrekking tot die verkrygingsproses,
- moet ooreenkomstig die prosedure uiteengesit in regulasie 6.1 besleg word.

17. OMSTANDIGHEDE RAKENDE VERKRYGING NIE DEUR AGENTSKAP NIE¹²

17.1 ALGEMEEN

- 17.1.1 Wanneer 'n departement kragtens enige bepaling van regulasie 17.2 tot 17.7 nie inligtingstegnologiegoedere of -dienste deur die Agentskap verkry nie, moet sodanige verkryging geskied ooreenkomstig die toepaslike regsvoorskrif bedoel in regulasie 7.2.
- 17.1.2 Voordat 'n departement goedere of dienste kragtens regulasie 17.2 of 17.5 aanskaaf, moet die Agentskap standaarddesertifisering ten opsigte van die betrokke goedere of dienste doen.
- 17.1.3 Standaarddesertifisering word nie vereis vir verkryging kragtens regulasies 17.3, 17.4 en 17.6 nie.
- 17.1.4 Indien 'n departement kragtens enige bepaling van regulasie 17.2 tot 17.7 nie deur die Agentskap verkry nie, moet die departement binne 30 dae 'n verslag aan die betrokke tesourie, die Departement van Staatsdiens en Administrasie en die Agentskap voorlê waarin vermeld word kragtens watter bepaling van regulasie 17.2 die Agentskap nie as verkrygingsagentskap gebruik word nie en die besonderhede van die verkrygingsproses wat gevolg word.

17.2 NIEVOLDOENING AAN VERKRYGINGSVOORSKRIFTE

- 17.2.1 Indien die Agentskap, wanneer inligtingstegnologiegoedere of -dienste vir een of meer departemente verkry word, nie voldoen nie aan—
 - (a) 'n verkrygingskedsule bedoel in regulasie 8.2.1; of
 - (b) enige ander bepaling van hierdie Regulasies met betrekking tot verkryging,kan die betrokke uitvoerende gesag¹³ of gesagte die Minister versoek om goed te keur dat sodanige goedere of dienste regstreeks deur die departement of departemente of deur middel van 'n ander instansie as die Agentskap verkry word.
- 17.2.2 Die Minister, of 'n beampite van die Departement van Staatsdiens en Administrasie deur die Minister gemagtig, kan die versoek goedkeur

¹² Sien artikel 23(2)(c) van die Wet.

¹³ Die term "uitvoerende gesag" word in artikel 1 van die Wet omskryf as "uitvoerende gesag soos in artikel 1 van die Staatsdienswet, 1994, omskryf".

behoudens sodanige voorwaardes as wat die Minister of gemagtigde beampte gepas ag.

17.3 BUITELANDSE VERKRYGING

- 17.3.1 Indien 'n departement inligtingstegnologiegoedere of -dienste vir gebruik in 'n vreemde land nodig het, kan sodanige goedere of dienste buite die Republiek verkry word ooreenkomstig die verkrygingsprosedures wat die betrokke departement vir aanskaffings in 'n vreemde land bepaal.
- 17.3.2 Vir doeleindes van werksaamhede in 'n vreemde land kan die Departement van Buitelandse Sake of enige ander departement—
- (a) 'n internasionale telekommunikasiediens soos omskryf in artikel 1 van die Telekommunikasiewet, 1996 (Wet No. 103 van 1996); of
 - (b) klein, programmatuurgedrewe aardstasies wat gebruik word vir die betroubare oorsending van data, video of stem per satelliet bekend as 'n VSAT-netwerk,
- regstreeks van enige vastelyn-operateur soos omskryf in artikel 1 van die Telekommunikasiewet aanskaf.

17.4 DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING

Indien die Departement van Verdediging inligtings-tegnologiegoedere of -dienste nodig het wat verdedigingsmaterieel uitmaak soos omskryf in die Wet op die Krygstuigkorporasie van Suid-Afrika, Beperk, 2003 (Wet No. 51 van 2003),¹⁴ moet die Departement sodanige goedere of dienste aanskaf ooreenkomstig die bepalings van daardie Wet en nie deur die Agentskap nie.

17.5 SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

Indien die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie, met instemming van die Direkteur-generaal: Nasionale Tesourie en die Direkteur-generaal: Staatsdiens en Administrasie, bepaal dat dit in die belang van veiligheid en sekuriteit is, kan die Polisie inligtingstegnologiegoedere of -dienste regstreeks van verskaffers of deur 'n ander instansie as die Agentskap verkry, na gelang van waarop die Nasionale Kommissaris en genoemde Direkteur-generaal ooreenkom.

17.6 NOOD- OF DRINGENDE VERKRYGING

- 17.6.1 Indien voldoening aan verkrygingsvereistes ingevolge hierdie Regulasies nie moontlik of doenlik is nie omdat—

¹⁴ Die term “verdedigingsmaterieel word in artikel 1 omskryf as “enige materiaal, toerusting, fasiliteite of dienste wat hoofsaaklik vir militêre doeleindes gebruik word”.

- (a) onmiddellike optrede nodig is om 'n gevaarlike of riskante situasie of ontbering te vermy; of
- (b) die hervatting van onderbroke dienste of die lewering van goedere of dienste vroeër as in die normale loop van verkryging van kritieke belang is, maar nie as gevolg van ontoereikende beplanning nie,

kan die betrokke departement die inligtingstegnologiegoedere of -dienste op enige wyse aanskaf wat in die beste belang van die Staat is.

- 17.6.2 Die rekenpligtige gesag van die departement moet die redes vir verkryging ingevolge regulasie 17.6.1 goedkeur en vir ouditdoeleindes aanteken.

17.7 OPENBARE-PRIVATE VENNOOTSAP

- 17.7.1 Wanneer 'n departement inligtingstegnologiegoedere of -dienste wil aanskaf deur middel van 'n openbare-private vennootskap, soos omskryf in die toepaslike regulasies uitgevaardig ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, moet sodanige aanskaffing geskied ooreenkomstig daardie regulasies.
- 17.7.2 Wanneer 'n departement inligtingstegnologiegoedere of -dienste kragtens regulasie 17.7.1 aanskaf, geniet die toepaslike regulasies uitgevaardig ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur voorrang bo hierdie Regulasies, behoudens regulasies 17.1 en 17.7 van hierdie Regulasies.
- 17.7.3 Die Agentskap moet 'n verteenwoordiger in die taakspan van die betrokke openbare-private vennootskapsprojek aanstel om standaardertifisering te reël ten opsigte van al die inligtingstegnologiegoedere of -dienste aangeskaf kragtens regulasie 17.7.1.

Looking for out of print issues of Government and Provincial Gazettes

We can provide photocopies

Contact

The National Library of South Africa,
Pretoria Campus
PO Box 397
0001 PRETORIA

Physical address

C/o Andries and Vermeulen Streets
Entrance in Andries Street

Contact details

Tel: (012) 321-8931
Fax: (012) 325-5984
E-mail: infodesk@nlsa.ac.za



Sabinet Online Ltd has established itself, for more than a decade, as a leader in facilitating electronic access to gazetted information.

Are you looking for information published in Gazettes such as changes to Acts, Regulations of Acts, Notices, Liquidation & distribution accounts on deceased estates?



Search no more.

Sabinet Online's SA Gazettes provides immediate access to full-text databases of Government and Provincial Gazettes, the Government Gazette Index and Parliamentary Bills. Updated daily.

The SA Gazettes is considered in all industry sectors as the most comprehensive collection of searchable gazette data on the Internet. With SA Gazettes you have access to the electronic full-text of the Government Gazette and all Provincial Gazettes.

- The Government Gazette - from January 1994
- All Provincial Gazettes - from September 1995
- Indexes pertaining to the past week's Government and all Provincial Gazettes.
- Parliamentary Bills - from January 1999

We facilitate access to information
www.sabinet.co.za





Tel: +27 12 643 9500; Fax: +27 12 663 3543; E-mail: info@sabinet.co.za






Wetlands are wonderlands!







Department of Environmental Affairs and Tourism

SA WEATHER BUREAU SA WEERBURO






**W
E
A
T
H
E
R
·
S
E
R
V
I
C
E
S
·
W
E
E
R
D
I
E
N
S
T
E**




SA WEATHER BUREAU SA WEERBURO



WEATHER · SERVICES · WEERDIENSTE





THE WEATHER BUREAU: DEPARTMENT OF ENVIRONMENTAL
AFFAIRS AND TOURISM

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001
Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510
Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504
Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737
Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531